

Woensdag 7 November

Skrifgedeelte: Haggai 2:20-23

Fokusgedeelte: Haggai 2:23

Die Here roep sy volk, aan wie Hy genade bewys, tot getroue diens (2)

Die seëlring was 'n kosbare ring wat uit edelgesteentes en goud bestaan het. Dit het die eenaar se naam of teken daarop gehad, en hy het dit aan sy regterhand gedra. Wanneer hy daarmee 'n merk op briewe of dokumente gemaak het, was dit sy handtekening. Die ring is ook simbolies van die liefde en trou tussen die Here en sy volk.

Serubbabel is dus die Here se gevolmagtigde verteenwoordiger. As nakomeling van Dawid sou hy ook met reg kon aanspraak maak op die troon van Dawid, maar dit kon nooit gebeur nie. Serubbabel het later heeltemal van die toneel verdwyn. Die lyn van die verbond gaan egter voort. Serubbabel word spesifiek in die geslagsregister van ons Here Jesus Christus genoem (Matt. 1:12, 13; Luk. 3:27).

Christus het ons duur gekoop deur sy bloed en ons het 'n ewige liefdesband met Hom, al is Hy nie meer liggaamlik by ons nie. Hy het ons menslike natuur as waarborg by Hom in die hemel, en ons het sy Heilige Gees as waarborg hier op aarde. Aan Hom is alle mag gegee op die aarde en in die hemel (Matt. 28:18). En as Koning roep Hy ons om na al die nasies toe te gaan en die mense sy dissipels te maak (Matt. 28:19, 20). Dit was sy laaste opdrag hier op aarde, net voor sy hemelvaart.

Hierin moet ons altyd getrou wees, en ons mag nooit met hierdie dienswerk ophou nie. Die kerk van die Here moet nie slegs bewaar word nie, dit moet ook vermeerder word.

Sing: Psalm 45-1:1, 16

Ds. MP (Pieter) Harris (Emeritus)